*307 p17606 -1764

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 2.24 VOL. 307 Pg. 17606 - 17645.

SAAKNOMMER: CC 482/85 | PRETORIA

1987-10-30

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

307

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 307

(Bladsye 17 606 - 17 645)

HOF HERVAT OP 30 OCTOBER 1987.

COURT : Before we start, Mr Bizos and Mr Jacobs, next week Tuesday, that is 3 November, this Court will not sit as my assessor is otherwise engaged on official business. So, we will skip Tuesday. And then while we are busy with dates. This Court will go into recess on Friday afternoon at 13h00, the last Friday of November.

MR BIZOS : We are indebted to Your Lordship for die indication. It will enable us to make proper arrangements.

PITSO RATIBISI, nog onder eed

MR BIZOS : All the accused are before Your Lordship this morning. Would Your Lordship grant an endulgence for Mr Baleka, accused no. 1, for Monday, that would be 1 November to write a further examination. He has to write on that day.

COURT : Yes, that is granted.

VERDER KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Ratibisi, kan ons net duidelikheid kry. Jy was op die dag, die oggend van 26 Augustus 1984 baie angstig om te gaan hoor wat by daardie vergadering aangaan. Om te gaan hoor wat daar aan die gang was? -- Ek het nie die vergadering wat in die oggend gehou was bygewoon nie. Ek was wel angstig vir die vergadering wat die middag gehou was wat ek bygewoon het.

Jy was só angstig dat jy selfs nie eers geëet het nie, nè? -- Ek kan nie onthou dat ek vir ete gegaan het nie.

En ek wil dit aan u stel dat daardie vergadering van 26 Augustus, die middag se vergadering, het om 14h00 begin? -- Hoe laat hierdie vergadering oorspronklik 'n aanvang geneem het, is ek nie seker van nie.

Want dit was gestel gewees, of laat ek dit vir jou eers so stel, dit was getuig in die getuienis van die verdediging

in besonder deur beskuldigde nr. 10 dat hy om 14h00 by die vergadering opgedaag het en net daarna het die voorsitter, beskuldigde nr. 8, dit is mnr. Nkopane, die vergadering tot orde geroep en het die vergadering in aanvang geneem? -- Ek sal nie kan weet hoe laat hy begin het met die vergadering nie. Al wat ek vir die Hof kan sê is dat na ek my take voltooi het vir die dag, het ek toe na die vergadering toe gegaan. Met my aankoms daar het die vergadering alreeds in aanvang geneem.

Net vir verwysingsdoeleindes, ek het verwys na die bewysplase waar ek gesê het die getuienis van beskuldigde nr. 10 was. Dit is in volume 160 op bladsy 7 882 en bladsy 7 883. So, ek stel dit aan u dat gister toe u gesê het die vergadering het 13h00 in aanvang geneem, het u nog ŉ fout gemaak? -- Wat ek gister hier getuig het is nie dat die vergadering om 13h00 begin het nie, maar die persone wat kom vra het vir die gebruik van die saak vir die betrokke vergadering het aan my gesê dat die vergadering om 13h00 gaan begin.

Jy het ook gister getuig dat nadat jy die eerste keer by daardie vergadering opgedaag het, het jy nou verskeie kere uitgegaan, maar totdat jy die vergadering finaal verlaat het, het jy nooit verder as ongeveer 10 treë weggegaan van daardie vergadersaal af nie, van die deur van die vergadering. Is dit korrek? -- Ja, ek sal sê dit was die verste. Ek het wel in en uit die vergadersaal gegaan.

As daar gedurende die hou van die vergadering solank jy daar in die saal was of daar ongeveer 10 treë van die saal se deur af was en dan het wanorde in die saal uitgebreek het om een of ander rede, sou jy daarvan geweet het. Jy

sou dit gehoor het? -- Afhangende af watter tipe wanorde dit sou gewees het, maar ȟ mens sou dit gehoor het.

Dat mense skreeu - dat ek dit vir jou so stel, dat hulle oproerig geword het, geskreeu het op mense? ȟ Sekere persoon daar, soveel so dat die ander in die saal nie kon hoor nie en die voorsitter nie eers daarin kon slaag om hulle tot orde te bring nie, maar dat hy moes gehelp word om hulle tot orde te bring? -- Tydens my aanwesigheid daar in die vergadering en op die stadium wat ek die saal verlaat het vir die distansie wat ek aangedui het, het ek glad nie so ȟ geraas gehoor wat beskryf word nie en indien daar so ȟ geraas was, sou ek dit gehoor het. Dit wil sê, dit het glad nie binne my hoorafstand plaasgevind nie.

Sal jy sê dit het glad nie plaasgevind by daardie saal nie? -- Ekself is ȟ mens wat bang is vir so ȟ geraas. Indien daar ȟ geraas was, sou ek self weggegaan het vanaf die saal. Dus, omdat ek nie weggegaan het nie, was daar geen so ȟ geraas nie.

Is dit nie so nie dat hoekom jy dit nie gehoor het nie is omdat jy wel weggegaan het van daardie saal af en jou getuienis nie heeltemal korrek is nie? -- Soos ek alreeds gesê het, ek het daar aangekom en weer weggegaan en vanwaar ek was het ek geen geraas gehoor nie. Dus sal ek sê daar was geen geraas binne my hoorafstand nie. Andersins sou ek daarvan bewus geword het.

En ek wil dit ook aan jou stel, dit is gemeensaak tussen die Staat en die verdediging dat daar wel so ȟ insident was?

<u>MR BIZOS</u> : It is common cause that there was an incident. Your Lordship will recall the evidence that the reason for the intervention of accused no. 10 was because no. 8,

accused/...

accused no. 8 had such a soft voice that he could not make himself heard. If that is what My Learned Friend describes us a matter for argument, but I cannot sit whilst he puts that it is common cause that there was an incident such as he describes.

MNR. JACOBS : Ek sal dit daar laat.

HOF : U moes dit drie vrae gelede al daar gelaat het.

MNR. JACOBS : Op watter stadium presies het jy die vergadering finaal verlaat? Was die resolusies reeds klaar aanvaar gewees of die besluite soos jy dit genoem het? -- Die resolusies was alreeds aanvaar.

En nadat die resolusies aanvaar is, het die spreker die mense daar bedank? -- Ek het die vergadersaal verlaat voor dit gedoen was deur die voorsitter. Dit is eintlik voor die sluiting van die vergadering dat ek die vergadersaal verlaat het.

Waarheen is jy toe jy die saal verlaat het? -- Ek is na my woning toe.

En die saal van die kerk, is dit toegesluit daardie dag? -- Ja, dit was toegesluit gewees.

Op watter stadium het jy hom gesluit? -- Na die saal ontruim was en die mense weg is, het ek gaan sluit.

Kan jy vir die Hof sê hoe laat dit toe ongeveer was? -- Ongeveer 16h45 of 17h00.

Die saal is nie ver van jou huis af nie. Is dit korrek? -- Dit is nie ver nie.

Hoe lank na jy by die saal uit is, het die mense die saal verlaat? -- Ek skat dit ongeveer 30 minute na ek die vergadersaal verlaat het, het die mense die saal ontruim, want op 'n stadium na ek die saal verlaat het, het ek

gehoor/...

gehoor dat daar Nkosi Sikilele gesing word.

Kan jy vir die Hof sê, terwyl jy in die vergadering teenwoordig was, wanneer het jy die eerste keer gehoor dat daar gepraat word van ꞌn wegbly-aksie op Maandag, 3 September 1984? -- Ek het daarvan vir die eerste keer bewus geword as ek nie verkeerd is nie tydens die voorsitter se lees van resolusies wat daar aanvaar is wat hy van gelees het.

Het die voorsitter van die vergadering self die resolusies gelees? -- Ek kan nie so goed onthou nie. As ek nie ꞌn fout begaan nie, dink ek dit is hy.

Wanneer het jy die eerste keer gehoor dat daar ook ꞌn opmars sou wees op 3 September 1984? -- Op dieselfde dag by dieselfde vergadering. Dit is een van die resolusies wat daar aanvaar was wat ook gelees is aan die gehoor.

En is dit ook die eerste keer toe dit gelees is aan die gehoor dat jy dit gehoor het? -- Ja.

Jy het geen - kan jy vir die Hof sê op watter metode is die resolusies aanvaar? Was daar ꞌn hele lot resolusies uitgelees en is hulle in massa aanvaar of hoe was hulle aanvaar? -- Die voorstelle het van die gehoor af gekom. Dit is neergeskryf en op ꞌn later stadium was dit toe gelees.

Kan ek net duidelikheid kry. Jy was nie teenwoordig toe die voorstelle van die vloer af gekom en voorgestel is en neergeskryf was nie? -- Op hierdie verskillende geleenthede wat ek die vergadersaal verlaat het en dan weer teruggekeer het, met my terugkoms op ꞌn stadium het ek gevind dat dit van die vloer af gekom het dat ꞌn mens ꞌn voorstel maak van ꞌn resolusie en dan is dit neergeskryf. Op ꞌn latere stadium dit wat ek gehoor het wat as voorstelle van die vloer af gekom het, is toe weer gelees as aanvaarde resolusies.

Dit/...

Dit was toe gevra van die gehoor of dit korrek aangeteken is, waarop die gehoor self bevestigend geantwoord het.

Nou goed, antwoord dan nou my eerste vraag wat ek jou gevra het. Toe ek vir jou vra, was die resolusies dan uitgelees en as aanvaar uitgelees of was dit uitgelees en toe aanvaar? Op watter metode is hulle aanvaar? -- Wat ek sê is die volgende. Die gehoor het die besluite oorgedra aan die vergadering. Dit wil sê aan die persoon wat neergeskryf het wat die mense daar voorstel en later het die persoon wat die notule gehou het dan gelees wat hy neergeskryf en toe van die gehoor gevra "Is dit nou wat ons op besluit as resolusies van die vergadering?" en toe het die gehoor geantwoord "Ja." Dit is hoe dit gedoen was.

Was hulle een vir een gelees of was die hele lot gelees? Dit is die punt wat ek probeer kry uit jou uit? -- Wat ek onthou wat daar gebeur het is die volgende. ŉ Besluit is oorgedra dat die gehoor dit as ŉ besluit wil hê en dan word dit bespreek en dan aanvaar as ŉ resolusie en dan word dit afgehandel. Dan begin hulle weer met die ander een. Dit het so aangegaan, sover as wat ek kan onthou.

Was daar op daardie vergadering op enige stadium solank jy teenwoordig was in die vergadering melding gemaak van ŉ petisie wat na Houtkop geneem sou word? -- Dit was nie daar gedoen nie. Ek kan nie onthou dat dit daar gedoen was nie. Wat ek wel kan onthou is dat die petisie op die vergadering van die 2de gedoen was.

Hoe was dit gesê hoe sal die griewe oorgedra word aan die outoriteite te Houtkop?

MR BIZOS : The witness has now mentioned two meetings. The question does not make clear which meeting. The question

is/...

is directed ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

MNR. JACOBS : Goed, ek sal dit duidelik stel, op die vergadering van die 26ste, was daar enige bespreking van hoe dat die griewe van die gemeenskap oorgedra sou word aan die outoriteite te Houtkop? -- Ek was deur iemand genader wie aan my gesê het dat daar ŉ vergadering gehou gaan word ter voorbereiding van die griewe, hoe dit gedoen sal word om dit by Houtkop te kry.

HOF : Maar u moet die vraag antwoord. Die vraag is op die vergadering van 26 Augustus is dit bespreek hoe griewe oorgedra sou word aan die outoriteite te Houkop? --Nee, dit was nie bespreek nie. Ek het net gedink dat daar miskien sekere mense, afgevaardigdes gestuur sal word.

Nee, ons stel nie belang in wat u dink nie. As die vraag gevra word, luister net mooi na die vraag en antwoord net die vraag. -- Ja.

MNR. JACOBS : Die oggend van 2 September 1984 was daar ŉ kerkdiens in julle kerk? -- Ja, daar was ŉ kerkdiens gehou.

Hoe laat het die diens begin? -- Om 10h15, soos gewoonlik, het die diens begin.

Hoe laat het die vrou wat die saal gesoek het by jou opgedaag? -- Sy was nie hierdie betrokke dag daar nie. Sy het aan my ŉ versoek gerig vir die gebruik van die saal. Dit wil sê op die dag van die 26ste het sy dit aan my gerig.

HOF : Sy het op die 26ste gevra of sy die kamer kon kry op die 2de? -- Ja.

MNR. JACOBS : Op watter stadium het dit gebeur op die 26ste? -- Ek kan nie spesifiek onthou op watter stadium dit was toe sy my genader het nie. Of dit nou na die klas was of na die vergadering was nie. Dit kan ek nie sê nie. Al wat ek

onthou/...

onthou is dat sy my op daardie dag genader het.

Kan jy miskien onthou of dit voor die vergadering was op die 26ste? -- Ek kan nie met sekerheid sê op watter stadium dit gebeur het nie, maar wat ek wel vir die Hof kan sê is dat toe ek met die klas klaar was, het die vergadering reeds begin. Ek kan net nie sê op watter stadium na die vergadering begin het, het sy my genader nie. Dit gebeur soms dat na vergaderings gehou is, dat ek daar gesprekke met privaat mense hou of maar net gesels met hulle.

Die vergadering van 2 September 1984, weet jy hoe laat die vergadering begin het? -- As ek nie ħ fout begaan nie, kon dit om 09h00 begin het.

Het jy die vergadering toe bygewoon daar? -- Ek het vir ħ kort rukkie daar ingegaan.

As jy sê ħ kort rukkie, wat is ħ kort rukkie? -- Vir ħ baie kort tydjie. Dit kan wees tussen 10 of 15 minute.

Was daar enige vrouens op daardie vergadering? -- Nee, daar was geen vroumens daar nie.

Daardie kort rukkie wat jy daar was en die vergadering begin het, waaroor was daar gepraat toe die vergadering in aanvang geneem het? -- Wat bespreek was, was die kwessie van die huur en die manier waarop die griewe van die mense oorgedra sal word aan die outoriteite en wat alles gedoen sal word in voorbereiding van wat dié dag sal plaasvind tydens die wegneem van die griewe.

Met hierdie laaste deel van jou antwoord, bedoel jy en met die voorbereiding van die hele optog? -- Ja.

En al hierdie dinge was daar bespreek in die baie kort rukkie wat jy daar gewees het? -- Wat ek sê is wat ek opgemerk het en wat hulle daar bespreek het soos wat ek dit nou aan

die/...

die Hof vertel.

My vraag is, het hulle al hierdie dinge bespreek in die baie kort rukkie wat jy daar was? -- Ek sê nie dat dit breedvoerig in die kort tydjie daar bespreek is nie. Wat ek sê is dat hulle het melding gemaak hiervan as dinge wat hulle daar kom bespreek het.

Wie was die voorsitter op hierdie vergadering. Onthou jy? -- As ek nie ŉ fout maak nie was dit Raditsela.

Terloops, weet jy of Raditsela enige spraakgebrek het? -- Nee, ek weet nie.

Jy het hom mos nou gehoor praat en saam met hom gepraat. Het hy nie ŉ spraakgebrek nie? -- Nee, ek het dit nie opgelet nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Het u hom gehoor praat?-- Ja, toe hy daar kom praat het, het ek hom gehoor.

MNR. JACOBS : Het jy hom op daardie vergadering van die 2de gehoor praat in daardie vergadering? -- Ja, vir ŉ kort tydjie.

Het hy gemaklik gepraat, soos enige normale mens? -- Ek kan nie onthou wat sy manier van praat is nie.

En op die vergadering op 3 September 1984 toe hy daar die mense toegespreek het, op twee geleenthede het jy hom ook hoor praat? -- Ja, ek het.

Sal jy hom beskryf as ŉ goeie spreker wat gemaklik met die mense kon praat? -- As ek na ŉ persoon luister, luister ek na die punte wat die persoon maak in sy toespraak. Ek gee nie veel aandag aan die manier waarop hy praat of sy gebrek aan spraak nie.

HOF : Praat hy makliker of moeiliker as u? -- Ek weet nie hoe ek praat nie. As iemand anders dalk vir my kan sê

hoe/...

hoe ek praat, sal ek miskien bewus word van my manier van praat.

MNR. JACOBS : Hy is nie ŉ persoon wat hakkel as hy praat nie? -- Dit is vir een baie maklik om bewus te word van ŉ manier van praat van ŉ persoon met wie jy baie te doen het as wat jy makliker kan agterkom hoe ŉ vreemdeling praat. ŉ Persoon met wie jy nie so baie meng nie, is dit nie maklik om agter te kom of hy enige probleme het in sy spraak nie.

HOF : Is die antwoord wat u betref, is hy nie ŉ hakkelaar nie of sê u hy is ŉ hakkelaar? -- Nee, ek kan glad nie onthou hoe hy gepraat het nie.

MNR. JACOBS : Ken jy ene mnr. Sotsu van Boipatong? -- Ek ken hom glad nie.

Op hierdie vergadering vir die tydperk wat jy daar teenwoordig was, was daar ook vermelding gewees van die resolusies wat aanvaar was?

HOF : Watter vergadering praat ons nou van?

MNR. JACOBS : Ek wou dit nou juis verder aangevul het. Dit is op 2 September die vergadering waar hy vir ŉ kort rukkie was na die resolusies wat aanvaar was op 26 Augustus 1984 by die kerk daar by jou? -- Ek weet nie. Al wat ek weet is dat daar ŉ beplanning gemaak was van hoe daar beweeg gaan word. Wat verder bespreek is, het ek nie gehoor nie.

Net om dan duidelikheid te kry. Toe die vergadering in aanvang geneem het, het die bespreking van hoe dat daar beweeg sou word met die opmars op 3 September - was dit sommer begin om dit te bespreek?

HOF : Was die getuie daar met die aanvang van die vergadering?

MNR. JACOBS : Ek sal dit dan net duidelik kry. Toe die

vergadering/...

vergadering begin het daar en die mense gearriveer het, het jy vir hulle die saal gaan oopmaak? -- Ja, ek het die saal vir hulle oopgemaak, alhoewel hulle eintlik oorspronklik gevra het vir 'n klein klaskamertjie, wat dan in daardie tyd in gebruik was. Met die gevolg het ek toe die saal aan hulle beskikbaar gemaak.

En toe hulle in die saal ingegaan het, is jy saam met hulle in? -- Ja, ek het saam met hulle ingegaan.

En toe die vergadering daar begin het en tot orde geroep is, was jy nog daar teenwoordig? -- Ja, ek was saam met hulle gewees aan die begin van die vergadering, want ek onthou dat ek spesifiek vir hulle gevra het of ek met hulle vir 'n kort rukkie kan wees.

Toe die vergadering in aanvang geneem het daar, het dit sommer dadelik begin met 'n bespreking van die opmars en die voorbereidings wat daarvoor getref moet word? Dit is die opmars van 3 September 1984? -- Ja, dit is wat bespreek was. Dit het vir my voorgekom of daar iets was wat hulle by hulle gehad het, alhoewel ek nie presies gesien het wat dit was nie. (Verskoon my, die woord is dubbelsinnig. Dit kan beteken plan wat hulle gehad het wat hulle sou bespreek het oor hoe hulle sou beweeg. Dit is wat die getuie bedoel. Nie eintlik iets in die vorm van 'n voorwerp wat hulle gedra het nie.)

Het iemand daar notas geneem en geskryf? -- Ja, dit het gelyk of hulle besig was om 'n notule te hou.

Wie het dit gehou? Die voorsitter of was daar iemand anders gewees? - Dit het gelyk asof daar 'n persoon was wat daar notule gehou het.

Esau Raditsela, het hy self geskryf of nie? -- As ek reg onthou het almal van hulle papiere voor hulle gehad en dit

het/...

het vir my voorgekom dat hulle besig was om aantekeninge te maak van iets.

As jy sê almal van hulle, na wie verwys jy? Al die mense wat daardie vergadering bygewoon het of net die voorsitter en die mense ... -- Daarby bedoel ek, van die mense by die vergadering het stukkies papier by hulle gehad.

Het die voorsitter Esau daar by ʼn tafel gesit en het hy iemand gehad saam met hom wat notule geneem het? Dit is die punt. Ek wil nie weet van notas wat ander mense geneem het nie? -- Ja, daar was iemand by hom gewees wat notule gehou het en as ek reg onthou, hy ook, die voorsitter, Esau, was besig om te skryf.

Was hulle net twee by die tafel wat gedien het as voorsitterstafel? -- Daar was nie ʼn voorsitterstafel gewees nie. Daar was wel ʼn tafel. Almal van hulle het om dieselfde tafel gesit.

Hoeveel mense was hulle? Kan jy onthou? -- Hulle was tussen tien en vyftien gewees, as ek nie verkeerd is nie.

Ek wil na 3 September 1984 oorskakel nou. Hoe laat die oggend van 3 September 1984 is jy die eerste keer na die saal toe daar by die kerk? -- As ek nie verkeerd is nie was dit om 08h00.

Toe jy nou jou huis verlaat het om na die saal te gaan, was daar alreeds mense by die saal? -- Ja, daar was al mense teenwoordig daar.

Waar was hulle gewees? -- Hulle was in die plein, binneplein van die saal en die ander was in die nabyheid van die skool op die perseel.

HOF : Kan ek hier net duidelikheid kry, asseblief. Op die terrein is daar ʼn kerk. Dan is daar ook op die terrein ʼn

gebou/...

gebou wat genoem is die saal en die gebou het ek tot dusver gedink bestaan uit twee dele. Een met ŉ rooi dak en een met ŉ gewone sinkkleurige dak. Nou begin ek dink dat dit dalk die skool is. Sal u kyk na BEWYSSTUK CA5. Die kerk sien u daar op CA5. -- Ja.

Dit is aan die regterkant. Korrek, nè? -- Ja.

Dan sien u aan die linkerkant nader aan u u eie huis? -- Ja.

Dan verder as dit sien u ŉ toiletblok? -- Ja.

Dan sien u ŉ wilgerboom en links van die wilgerboom sien u ŉ gebou met ŉ rooi dak en dan sien u agter daardie gebou dwars ŉ gebou met ŉ sinkkleurige dak? -- Ja.

Is altwee daardie geboue wat genoem is die saal of is net een van die twee geboue die saal? -- Die een met die rooi dak is eintlik die saal en dan die ander een met die gewone kleur van ŉ sinkplaat se dak is die skool waarna ek verwys het toe ek gepraat het van die klaskamers.

Word die skool as gewone skool gebruik of net as ŉ katkisasieskool? -- Dit is ŉ katkisasieskool en dit word ook gebruik miskien as daar vergaderings gehou word en mense vra vir ŉ vergaderplek.

MNR. JACOBS : Net om duidelikheid te kry. Die vergadering wat gehou was op die 26ste, was dit gehou in die gebou met die rooi dak of in die gebou met die blink dak?

HOF : Kom ons praat nou van die skool of die saal. Ons het nou al die moeite gedoen om dit uit te sorteer.

MNR. JACOBS : Ek mag net sê op ŉ vorige keer was dit geïdentifiseer as ŉ saal wat die blink dak het.

HOF : Dit is waarom ek nou die vrae gevra het sodat ons nou presies weet wat ons van praat. Die rooi dak is die saal

en/...

en die gewone blink sinkdak is ŉ skool. Noem dit maar die Sondagskool.

MNR. JACOBS : Was die vergadering van 26 Augustus 1984 gehou in die rooi dak gebou, dit is die saal? -- Ja, dit was in die saal gehou.

Die vergadering van 2 September 1984, was dit ook in dieselfde gebou in dieselfde saal gehou? -- Ja.

Die oggend van 3 September 1984 toe die mense ingegaan het nadat jy die saal oopgesluit, was dit ook in die rooi dak gebou, die saal? -- Ja. As ek iets mag verduidelik daar. Wat ek daar duidelik wou gestel het is vir die dag van die 3de was daar geen versoek gewees vir die gebruik van die saal nie, maar dit het toevallig daar gebeur na die mense daar bymekaar gekom het dat Raditsela my versoek het om gebruik te maak van daardie saal vir ŉ oomblikkie aangesien die vergaderings buite verbied was. Dus het hy my gevra, want hy wou met die mense gepraat het en ŉ toespraak gemaak het.

Dit is die rooi dak gebou wat jy toe oopgemaak het, die saal? -- Ja.

Toe u nou van die huis af gegaan het na die perseel van die kerk toe self en die saal, kan u net vir ons aandui waar was die mense wat u gekry het wat daar in die vierkant was? -- Die meerderheid van die mense was in die nabyheid van die grasperk binne die vierkant en daar was van hulle wat beweeg het natuurlik heen en weer tussen daardie grasperk en die toilette.

Het jy mense daar aangetref ongeveer 08h00 toe jy na die vierkant toe is waar die grasperk is, in daardie rigting, wat besig was om plakkate te maak? -- Ja.

Waar was hulle besig om plakkate te maak? -- Daar is

die/...

die boom. Tussen die boom en die gebou in die rigting van die toilette is daar ŉ opening wat dan ook die gedeelte is van die grasperk. Dit is waar die mense was. Die omgewing daar is soos volg. Die uitgangsdeur van die saal is in die onmiddellike nabyheid van daardie boom wat u dan lei na die grasperk toe. So, die mense was tussen die uitgang en die boom in die nabyheid van een gedeelte van die grasperk wat die plakkate geskryf het.

HOF : Is die verhoog van die skool naby die Sondagskool? -- Nee, dit is duskant, hier naby die boom se kant.

En is die uitgang by die verhoog? -- Ja.

MNR. JACOBS : Waarheen het jy gegaan toe jy soontoe gegaan het, toe jy na die vierkant toe gegaan het? Noem dit die vierkant. Na wie toe is jy? Enige speifieke persoon? -- Ek het nie na ŉ spesifieke persoon toe gegaan nie. Ek was daarvan bewus dat daar ŉ optog gaan wees na Houtkop toe en ek wou by die optog aangesluit het. So, ek was soontoe met die doel om daar te wees vir die optog wat dan Houtkop toe gaan.

Kom, laat ons dit miskien anders duidelik kry. Hoe laat het die optog vertrek daar van die kerk af? -- Onder korreksie kan dit wees 08h30 of 08h45 dat die optog daar weg is. Ek is nie seker nie.

Aanvaar dan dat jy ongeveer vir ŉ drie-kwartier ten minste in daardie vierkant was? -- Ja, dit is moontlik, want wat toe daar gebeur het, is dat Raditsela ŉ versoek gerig het dat hy die mense wou toespreek in die saal. Na daardie toespreek van hom in die saal, is die saal verlaat na buite toe. Buite was daar ook iets gesê in die voorbereidings van die optog daar. Dit kan wees dat dit so lank geneem het.

Vir/...

Vir hierdie drie-kwarter het jy by 'n spesifieke groep gaan aansluit, op 'n plek of het hy rondbeweeg daar onder die mense? -- Nee, ek het nie net rondbeweeg nie. Wat ek gedoen het, is dat ek die saal oopgesluit het, self die saal binnegegaan het met die ander mense om te gaan luister na die toespraak wat gemaak word en ek het toe die saal saam met die ander mense verlaat. Ek was altyd in die teenwoordigheid van die ander mense tot op die stadium wat die optog vertrek het.

Jy het nie aangesluit by die groep wat besig was om die plakkate te maak nie. Is dit reg? -- Nee, wat ek gedoen het is die volgende. Ek het na daardie persone toe gegaan met die oog daarop om ondersoek in te stel na wat daar gedoen word. Dit het ek gesien. Later het ek hulle daar verlaat en die saal binnegegaan.

Is die saal oopgesluit net kort voor julle vertrek het met die optog? -- Ek het die saal oopgemaak. Ek het die saal oopgesluit. Die mense is binne-in die saal in. Dit wil sê ek self ook daarby ingesluit. Daar was 'n kort toespraakie wat gemaak was. Ons het die saal verlaat. Ek het die saal gesluit en ons is toe weg.

Voordat Esau na jou toe gekom het en vir jou gevra het om die saal oop te sluit, het jy hom voor dit gesien daar op die perseel? -- Ja, ek het hom mos by die vergadering van die 2de gesien, die Sondag.

Nee, daar op daardie perseel by die kerk op die dag van 3 September. Kom ek sal dit weer vir jou stadig vra. Jy het vir die Hof gesê Esau Raditsela het na jou toe gekom en versoek jy moet die saal oopsluit. Is dit reg, ja of nee? -- Ek het my woning verlaat om en by 08h00 en na die

saal/...

saal toe gegaan. Met my aankoms daar, dit was met die doel dat ek aan die optog gaan deelneem, het hy my versoek om die saal oop te sluit omdat hy 'n kort toespraak wou gemaak het aan die mense, wat ek wel toe gedoen het. Na dit gedoen was het ek die deur gesluit dat ons nou moet weggaan.

So, is jou getuienis dan, jy is 08h00 na daardie perseel toe en toe om 08h00 het jy vir Esau Raditsela gekry en die saal oopgesluit op sy versoek? -- Met my aankoms daar het hy aan my 'n versoek gerig en sy redes verstrek hoekom hy hierdie versoek aan my rig vir die gebruik van die saal. Wat my betref was dit gegronde redes gewees wat ek nie van die hand kon wys nie en dus het ek die saal oopgesluit.

Wie is eerste toe by die saal in toe jy dit oopsluit? -- Dit is moeilik om dit te sê. Al wat ek kan sê is dat ek die saal oopgesluit het, ons het die saal binnegegaan. Wie die eerste daar aangetree het van ons, of dit Esau was of iemand anders, kan ek nie sê nie.

Is jy en Esau en die mense wat dit betree het, dadelik in toe jy oopgesluit het? -- Ja, dit is so, want mense het daar gestaan en wag om die saal in te gaan. Dus, onmiddellik toe die saal oop was, het hulle dit binnegegaan.

En het al die mense wat daar buitekant was die saal ingegaan? -- As ek nie 'n fout begaan nie, ja.

Was die saal vol gewees? -- Nee, die saal was nie propvol gewees nie. Wat gebeur het, is, die meerderheid van die mense wat daar ingekom het, het nie verder diep in die saal ingegaan nie. Die mense het sommer saamgedrom in die nabyheid van die ingang. Dit wil sê tussen die bankstoele van die saal naby die ingang het die mense gestaan.

En toe julle toe binne-in is, het Esau toe sommer

dadelik gepraat met die mense? -- Ja, want die doel daarvan was om net aan die mense oor te dra ŉ sekere ding, hoe dit gedoen kan word voor ons die plek verlaat.

Was julle ŉ baie kort tydjie in die saal? -- Ja, dit was ŉ baie kort tydjie.

Kan jy op ŉ horlosie kyk? -- Ja, ŉ persoon van my ouderdom is verplig om ŉ horlosie te kan lees.

En jy ken die waarde van tyd, sê van vyf minute of tien minute?

HOF : Kan u ŉ horlosie lees, mnr. Jacobs? Iemand van u ouderdom?

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

PITSO RATIBISI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Vandat jy die saal oopgesluit het, mense in is, Esau gepraat het, tot hulle weer uitgekom het, was dit vyf minute gewees wat die mense in die saal was? Korter as vyf minute? -- Omtrent tien of vyftien minute.

Was daar gesing binne-in daardie saal op daardie betrokke dag? -- Ja, daar was ŉ kort gesingery gewees.

Wat was gesing in die saal? -- Siyaya e Houtkop was daar gesing.

Op watter stadium was dit gesing? Voordat Esau sy toespraak gemaak het of daarna? -- As ek nie ŉ fout maak nie is dit voor hy gepraat het.

Toe jy by die mense was wat die plakkate gemaak het, was Esau daar teenwoordig? -- Ek kan my nie daaraan herinner of ek hom daar gesien het nie, want ek het die mense net daar agtergelaat terwyl hulle besig was met hierdie

plakkate/...

plakkate.

Het jy die plakkate ondersoek daar? -- Op pad na die saal toe het ek daar verbygestap en toe na die goed gekyk terwyl ek verbygaan.

Ek wil dit aan u stel dat daardie saal was sō vol gewees dat mense buitekant die saal by die deur saamgedrom het? -- Ek sê die klomp wat saam met my gelyktydig die saal binnegegaan het, het by die toegang naby die verhoog binnegekom en daar gaan vas staan en nie dieper in die saal ingegaan nie. So, dit is ŉ moontlikheid dat mense wat later daar opgedaag het as gevolg van hierdie wat by die ingang gestaan het, nie toegang kon kry tot die saal nie en dus buite gestaan het. Dit is die mense waarna verwys kan word.

En ek wil dit ook aan u stel, u maak ŉ fout as u sê u reken al die mense het die saal ingegaan. Ek wil dit aan u stel dat dit is ŉ stelling wat die verdediging gemaak het dat ongeveer twee- na driehonderd mense het nog buitekant gebly toe die ander die saal ingegaan het? -- My getuienis is dat die klomp wat saam met ons was, dit wil sê myself en Raditsela, het die saal binnegegaan. Dit is die klomp waarvan ek praat. Daar was wel ander mense wat daar buite bly staan het en terselfdertyd was daar mense wat opgedaag het. Met ander woorde, ek weet van geen groot aantal persone, soos beskrywe word, wat daar nie toegang kon kry as gevolg van die feit dat die saal vol was nie.

Die bewysplaas is dat beskuldigde nr. 2 tot by die saal se deur kon kom en hy kon nie ingaan nie en dat hy daar by die deur moes bly staan.

HOF : Die stelling is oor die twee- tot driehonderd wat buite gestaan het. As u dit nie het nie, laat dit staan,

dat/...

dat ons aangaan met die kruisondervraging.

MNR. JACOBS : Ek sal dit nou-nou vir die Hof gee. Ek het dit net op 'n ander plek hier. Ek wil dit aan u stel dat daardie saal was voor die tyd oopgemaak sodat die mense kon ingaan en solank daar binne was en die motivering was dat hulle nie in die strate ingaan of dat hulle nie 'n vergadering vorm daar buitekant nie? -- Nee, dit is nie so nie.

Die verwysing na die mense wat buitekant rondbeweeg het plus-minus driehonderd mense is, is in volume 171 bladsy 8 813. Ek wil dit verder aan jou stel, terwyl die mense (10) gewag het vir die mense om klaar te maak met die skryf van die plakkate, het hulle liedere gesing daar binne-in die kerk?

HOF : In die kerk?

MNR. JACOBS : In die kerk.

HOF : In die kerk?

MNR. JACOBS : Binne-in die kerk.

HOF : In die kerk of in die saal?

MNR. JACOBS : Ekskuus. In die kerksaal.

HOF : U moet u dinge reg stel aan die getuie. (20)

MNR. JACOBS : In die kerksaal. -- Dit is nie so nie.

En ek wil dit aan u stel dat al hierdie tyd terwyl die mense daar in die saal was en liedere gevind het, was Esau besig om plakkate te maak en te help om plakkate te maak? -- Dit is nie so nie.

As daar sulke getuienis is, dan is dit verkeerd? -- Ja.

Ek verwyus in dié verband na Volume 171 pagina 8 813 en 8 814.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wie se kruisondervraging is dit of wie se getuienis? (30)

MR BIZOS/...

MR BIZOS : It was not put. It was one of the accused giving evidence and I submit that the reading of the passage does not bear out completely what is being put, but I will leave it for argument.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : Is it no. 8?

MR BIZOS : Accused no. 8.

MNR. JACOBS : Ek kan net sê dat daardie een stelling wat ek gemaak het dat beskuldigde nr. 2 tot by die deur van die saal kon kom en nie kon ingaan nie en dat hy by die deur moes bly staan, is in Volume 21 bladsy 1 009, ook op bladsy 1 010 en ook op bladsy 1 016. Kan u vir die Hof sê, nadat die mense uit die saal uitgekom het, was iemand aangesê daar buitekant om die leiers van hierdie opmars te gaan wees? -- Ja, dit was gesê.

Kan jy onthou wat was gesê wie moet die leiers wees en wat moes die leiers doen? -- Ek is nie in staat om vir die Hof te sê wie almal uitgewys was as leiers van die optog nie. Wat ek wel kan onthou is dat dit gesê was dat hulle sal moet toesien hoe die optog daar moet beweeg en beheer uitoefen oor die beweging van die optog in die rigting wat gevolg moet word.

HOF : Bedoel u met leiers mense wat heel voor loop of bedoel u met leiers mense wat genoem is "marshalls", mense wat aan die kante loop? -- Ek praat van die "marshalls".

MNR. JACOBS : Was daar enigiets gesê wie voor sou loop om te sien dat hulle nie te vinnig loop nie of nie te stadig nie en die roete aan te dui? -- Wat my betref, die mense wat heel voor was, is die plakkaatdraers. Dit was ook daar buite bespreek dat die mense hulle self moet gedra in hierdie optog. So, wat my betref, die leiers was die

plakkaatdraers/...

plakkaatdraers gewees.

En die opmars, toe dit opgestel was, was dit gedoen binne-in die perseel nog steeds of in die straat buitekant? -- Dit was op die perseel van die kerk gedoen.

Heeltemal volledig, met die plakkaatdraers wat voor staan en die mense agter die plakkaatdraers? -- Ja, hulle het mekaar opgevolg van binne die perseel.

En toe die opmars nou begin en al die mense in die opmars opgestel was, het die plakkaatdraers toe begin loop en by die hek uitgeloop en toe in die straat in en het die mense so gevolg? -- Die plakkaatdraers het hulle gelei en dit was gevolg deur die optogmense.

Jy sien, ek wil aan jou stel dat beskuldigde nr. 8, mnr. Nkopane, se getuienis was dat daar wel leiers van die optog was?

HOF : Dit is natuurlik 'n baie dubbelsinnige stelling. Die getuie sê die plakkaatdraers was die leiers.

MNR. JACOBS : Nee, ek praat van ander leiers as die plakkaatdraers wat voor geloop het in hierdie optog. -- In hierdie optog, wat ek opgemerk het is dat heel voor is die plakkaatdraers. Dit is die mense wat ek beskou het as die leiers van die optog. Ek sal dit nie betwis dat as daar mense wat uitgewys is as leiers, waarvan ek nie bewus was nie, dat daar sulke persone bestaan het nie.

En ek wil dit aan u verder stel dat die opmars was soos volg opgestel gewees. Hierdie leiers wat voor geloop het het eerste uitgegaan uit die perseel uit en buitekant by die straat gaan plek inneem het? -- Die opmars was opgestel op die perseel en op die perseel die leiers, dit wil sê die voorpunt van die opmars was die plakkaatdraers. Wat

my/...

my betref was hulle die leiers van die opmars en buite was daar wel ander mense gewees, maar omdat die plakkaatdraers heel voor was toe ons die perseel verlaat het, beskou ek hulle as die leiers. Daar was wel mense gewees in die straat.

En ek stel dit verder aan jou dat nadat hierdie leiers wat voor geloop het van die opmars hulle posisie ingeneem het buite, het hulle die plakkaatdraers geroep om uit te kom en dan direk agter hulle in te val? -- Nee, dit het ek nie gesien nie.

En daarna, nadat die plakkaatdraers hulle plek ingeneem het, is die lyf van die optog, dit is die gewone mense, gevra om te kom en weer plek in te neem agter die plakkaatdraers? -- Nooit. Die voorbereiding van hierdie optog was gedoen op die perseel met die plakkaatdraers voor en buite die perseel in die straat was daar hoegenaamd geen voorbereidings gedoen nie, want dit was alreeds gedoen op die perseel.

996 <u>HOF</u> : As u praat van voorbereiding, u bedoel die opstel van die optog? -- Ja, ek praat van die opstel en net die mense wat later aangesluit het by die optog, het daar buite aangesluit, maar die opstel was alreeds gedoen op die perseel.

<u>MNR. JACOBS</u> : Ek verwys na Volume 171 ... (Hof kom tussenbei)

<u>HOF</u> : U hoef my nie al die verwysings te gee nie. Dit kan u in u betoog doen uiteindelik. Net as hier 'n debat kom, dan kan u dit doen. Wat is hierdie verwysing? Miskien kan dit help.

<u>MNR. JACOBS</u> : Volume 171 bladsy 8 817. Kan u vir die Hof sê, het u opgemerk of daar spesiale "marshalls" aangestel was wat by die hek diens gedoen het voordat hierdie optog sou begin het en terwyl die mense nog gewag het, om te sorg dat al die mense wat in die straat is na binne kom en in

die/...

die perseel inkom? -- Ek het niemand opgelet wat daar buite die perseel gestaan het nie, want die mense het almal binne-in op die perseel gekom. Daar was mense gewees wat die optog opgestel het op die perseel en hulle is die mense wat aangedui het waar wie posisie moet inneem op die perseel en ook aandui hoe hierdie optog gaan wegtrek.

Wat ek dan nie duidelik verstaan nie is, op my vrae so 'n rukkie gelede het jy gesê daar was mense buitekant die hek in die straat. Na wat se mense verwys jy daar as jy sê die mense was op die perseel? -- Mense wat ek van praat wat in die saal was, is die mense wat daar besig was om op te daag terwyl die optog alreeds die perseel verlaat het. Dit is mense wat later by die optog aangesluit het.

Verwys jy nou na mense wat daar by die teerstraat was of nog hier by die grondstraatjie langs die kerk en daar by die hek van die kerk? -- Die teerstraat is buite my sig as ek op die perseel is van daardie kerk. Dus kan ek niks sien daar nie. Al wat ek kon sien vanwaar ek was op die perseel is die pad net voor die kerk en mense wat ek van ver af sou kon gesien het, is mense vanaf gebiede 7 en 8.

HOF : U sê dit was die laatkommers? -- Ja.

MNR. JACOBS : Terwyl hierdie mars dan opgestel was, hetsy in die straat of op die perseel, het jy toe die saal se deure gaan sluit of nie? -- Nee, ek was altyd by toe die optog gestel was en toe daar gesê was watter roete gevolg gaan word, tot dit klaar gereël is. Toe die optog begin beweeg, het ek eers die deure gaan sluit.

Was jy alleen gewees toe jy die deure gaan sluit het? -- Nee, ek was nie alleen nie.

Saam met wie was jy? -- Raditsela en nog 'n ander persoon

was/...

was by.

Wie is die ander persoon? -- Dit is ŉ onbekende persoon.

Beskuldigde nr. 8, was hy by gewees? -- Nee, dit was nie hy nie.

Jy ken vir beskuldigde nr. 8, nè? -- Ja, ek ken hom.

Jy sien, beskuldigde nr. 8 se getuienis was dat dit hy, Esau Raditsela en beskuldigde nr. 17 was wat daardie saal toegesluit het en agtergebly het vir daardie doel? -- Ek onthou nie dat ek hom daar gesien het agterbly vir daardie doel nie. Wat ek wel kan onthou is dat ek gesien het dat ek, Raditsela en die vreemdeling agtergebly het vir daardie doel.

Beskuldigde nr. 17 hier by die hof, ken jy hom? -- Watter een is dit nou?

HOF : Laat hom opstaan, asseblief. -- Ja, ek ken hom as ŉ man wat skoonmakersklere invorder.

MNR. JACOBS : Was hy een van die mense wat agtergebly het? -- Nee, ek het hom nie gesien nie.

Wat het van Esau geword nadat, Esau en die ander vreemde man wat jy nie ken nie, jy die saal toegesluit het? -- Na die opsluit van die saal, het ek die sleutels na my woning toe geneem. Intussen weet ek nie wat het van hulle geword nie.

Toe jy by die agterpunt van die optog aangesluit het nadat jy die sleutels ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net ŉ oomblik. Wat het die sluit van die saal behels? -- Ek het die vensters toegemaak, die deur toegesluit en toe die sleutels na my woning toe geneem.

Hoeveel vensters? -- Onder korreksie, as ek nie verkeerd is nie, is dit omtrent sestien vensters wat toegemaak moes word/...

word.

MNR. JACOBS : Wanneer was die vensters oopgemaak? -- Onmiddellik toe ons die saal binnegegaan het, was die vensters oopgemaak.

Deur wie? -- Deur ons. Dit wil sê dié wat daar teenwoordig was.

Wie het jou gehelp om - het jy vensters oopgemaak? -- Ja, ek het die deel vorm van die klomp wat die saal binnegegaan het. Dit wil sê ekself in daardie klomp het die vensters oopgemaak. (10)

En Esau? -- Hy was ook daar teenwoordig.

Toe die vensters oopgemaak was? -- Ja, hy het binnegekom

En het hy toe daar binne gebly van nadat hy die vensters oopgemaak het na waar hy die toespraak gaan maak het?

HOF : Wel, het hy gehelp om die vensters oop te maak? -- Ek glo so, maar ek is nie seker nie. Dit kan wees dat hy ook 'n venster oopgemaak het.

MNR. JACOBS : Het hy toe gebly binne-in die saal nadat julle die vensters oopgemaak het en die mense toegespreek het? -- Ons was nie lank in die saal gewees nie. Onmiddellik na (20) die vensters oopgemaak was, het hy toe die mense toegespreek. Dit het nie lank geneem nie.

Toe jy by die agterpunt van hierdie opmars aangesluit het, het jy vir beskuldigde nr. 8 en Esau Raditsela daar by die agterpunt van die opmars gesien of nie? -- Nee, nooit nie.

Was hulle glad nie daar naby die agterpunt van die mars nie? Het jy hulle nooit daar gesien nie? -- Ek het hulle nooit gesien nie.

As die verdediging beweer het en gestel het aan die (30)

getuie/....

getuie dat beskuldigde nr. 8 en Esau Raditsela het daar by die agterpunt van daardie opmars gebly om te sien dat die mense nie agter raak nie, is dit nie heeltemal reg nie? -- Ek was self daar agter gewees. Ek het hulle nie gesien nie.

Hoekom het jy bang geword en hierdie opmars verlaat? Wat het jou rede gegee om bang te word? -- Ek het gedink die polisie is al daar.

Hoekom was jy bang vir die polisie gewees? -- Ek het bang geword, want ek het gedink dalk sal hulle vir ons kom slaan of iets anders doen.

Hoekom? Die mense, Esau en die ander, het julle verseker daar by die saal dat daar is mense aangestel om te gaan praat as die polisie kom en reëlings te tref met die polisie. Wat het nou skielik gemaak dat jy nou verander het op hierdie stadium? -- Dieselfde woorde wat deur die Staat herhaal word is die woorde wat gebesig was deur een van die "marshalls" daar. Toe hierdie stadium nou gekom het waar hulle stadig beweeg het, sê die persoon "Julle moenie skrik nie. Julle moet kalm bly. Daar gaan niks gebeur nie. Die polisie sal julle nie slaan nie." Met hierdie woorde het ek toe verder geskrik en toe besluit om die optog te verlaat. Dus het ek afgebreek.

Kan jy onthou, net voor jy afgebreek het en teruggegaan het, het jy gesê was daar mense wat van voor af gekom het en aangesluit het. Dit is nog meer mense wat by die optog kon aansluit. Dit kon jou tog nie rede gegee het om bang te word nie? -- Dit was rede vir my gewees om te skrik, dat ek afgebreek het van hierdie optog, want in die eerste plek wat gebeur het in my gedagte is die volgende. Ek weet nie wie daardie persone is nie. Daar is nou 'n deurmekaarspul

daar/...

daar voor. Ek weet nie wat gebeur nou daar nie en wat toe later die resultate gaan wees nie. Dus het ek geskrik en toe afgebreek van die optog.

U het tog daardie mense gesien wat daar voor wou aangesluit het. Het hulle plakkate by hulle gehad? -- Ek het gesien dat daar mense was wat in die teenoorgestelde rigting van ons beweeg het en hulle het voorwerpe gehad. Daar was dus nie ꞌn goeie beweging tussen die klomp nie.

Die voorwerpe wat hulle gehad het, was dit plakkate gewees ook? -- Ek het die goed van ver af gesien. Dit het vir my voorgekom asof dit plakkate was.

En die mense wat jy gesien het, het jy ook gesien dit is Swartmense en daar is ꞌn soort van ꞌn optog? -- Dit is moeilik om te sê, want al wat ek daar gesien het was hier is ons in ꞌn optog. Daar is nou ꞌn klomp voor daar. "There was a commotion." Wat dit veroorsaak het weet ek nie. Dus sou ek nie kalm gebly het nie. Dan weet ek nie wat gebeur nie. Of hulle nou besig was om weg te hardloop van iets, kan ek nie sê nie.

HOF : Het u enige polisie gesien op daardie afstand? -- Nee, ek het nie polisie gesien nie.

MNR. JACOBS : Hoekom noem jy weghardloop van iets? Hoekom noem jy dit dat mense moontlik gehardloop het? -- Wat ek sê is dat ek het opgemerk dat die mense in ons rigting was en ek weet nou nie of hulle besig was om weg te hardloop nie. Met dit het ek toe begin dink aan die polisie. Dit is die eerste ding wat ek aan gedink het.

Het die mense wat van voor af gekom het gehardloop? -- Hulle het nie gehardloop nie, maar hulle het in die teenoorgestelde rigting van ons gekyk.

HOF/...

HOF : Inderdaad het hulle na julle gekyk? -- Ja.

Maar hoekom is dit ħ rede om te skrik? -- Dit is ħ rede om te skrik, want hier kry ek nou miskien die indruk dat dit is dieselfde mense met wie ek saam in hierdie optog was. Hulle is besig om terug te stap in die rigting vanwaar ons gekom het.

Het dit vir u gelyk of die mense omgedraai het? -- Daar was ħ verwarring gewees. Ek kan nie sê dat ek daardie indruk gekry het nie, maar wat ek vir die Hof kan sê is dat die voorpunt van ons optog is nog in dieselfde rigting wat die optog beweeg en daar is nog ħ ander klomp mense wat van voor af kom, dit wil sê wat in die teenoorgestelde rigting van ons beweeg. Nou weet ek nie wat daar gebeur nie.

Dan begryp ek nog nie waarom u weghardloop nie? -- Ek was geskrik. Dit is miskien omdat ek geskok was oor wat ek gesien het.

MNR. JACOBS :

Is dit nie so dat volgens ek jou getuienis verstaan het gereeld voordat jy die optog verlaat het, het daar mense aangesluit by hierdie optog van ander rigting af nie? -- Ek sê terwyl die optog nog aangekom het in hierdie rit was daar mense gewees wat aangesluit het.

En ook in redelike groot groepe en onder andere ħ groep van die regterkant af uit een van die systrate het ook op ħ stadium aangesluit voor hierdie dinge gebeur het. Is dit nie so nie? -- Ek sal nie sê dat mense by die optog aangesluit het in groot klompe nie. Daar het wel mense aangesluit aan die optog meer as een in getal, maar by hierdie spesifieke geval is dit ħ klomp wat van voor af kom.

Onthou jy voordat die optog begin het dat Esau Raditsela daar vir die mense gesê het hulle moet voorsorg tref deur

natlappe/...

natlappe te vat, saam te vat ingeval hulle die polisie teëkom en die polisie gebruik maak van traangas? -- Ek kan dit glad nie onthou nie. Selfs ek het nie daardie lap gehad nie.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel, dit is ŉ stelling wat gemaak is deur die verdediging aan ŉ getuie van die Staat dat Esau gesê het die mense moet natlappe vat, Volume 43 bladsy 1 026 tot 1 027. -- Glad nie. Ek het dit nie gehoor nie. Ek het self nie ŉ lap gehad, soos beskryf, wat nat is nie. Het ek geweet of was daar melding gemaak daarvan dat daar ŉ moontlikheid is dat ons die polisie kan raakloop, dan sou ek selfs nie gegaan het nie.

Jou geheue is dan so swak. Het jy dit nie gehoor nie dat jy dit nie kan onthou nie of wat is nou die posisie? -- Glad nie. Dit was nie gesê nie. Het hy melding daarvan gemaak dat ons nou in botsing gaan wees met hierdie mense wat vir die Regering werk, sou ek nie eers deelgeneem het nie.

Ek wil dit aan jou stel dat wat gebeur het is dat van die begin af was dit daar op daardie vergadering in die kerk gesê dat daar gaan konfrontasie wees met raadslede en dat raadslede se eiendom en lewens aangeval sal word? -- Dit was nie in my teenwoordigheid gesê nie. Ek het dit nie gehoor nie. Het ek dit gehoor het, sou ek nie deelgeneem het in hierdie optog nie. Tweedens, ek sou nie die vergaderplek aan die mense toegeken het nie.

En wat verder is, dit is gesê onder andere deur Esau Raditsela? -- Hy het dit nooit gesê nie. Ek het hom nooit gehoor dit sê nie.

Dit is ook die rede waarom hy dan daar op die vergadering gesê het voordat die optog vertrek het dat die mense moet

natlappe/...

natlappe vat as hulle moet traangas gegooi word deur polisie as ŉ soort van ŉ beskerming teen traangas? -- Nee, dit is nie so nie.

En ek stel dit aan jou dit is ook die rede waarom jy so onverklaarbaar dan daar weggehardloop het van hierdie optog af? -- Nee, dit is nie die rede nie. Ek het hier ŉ rede verskaf.

Dan wil ek net in billikheid teenoor jou aan jou ŉ geleentheid gee op ŉ paar aspekte wat gestel is dat op die vergadering van 2 September ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Gaan u weg van die optog af?

MNR. JACOBS : Ek gaan weg.

HOF : Het u aan die linkerkant soos u gestap het voor rook gesien? -- Eers na ek afgebreek het van die optog, toe ek verder op kyk het ek opgemerk dat daar wel rook was heel voor.

Watter kant? -- Dit was aan die linkerkant van die optog gewees.

Waar was u toe u dit sien? -- Dit is eers na ek afgebreek het, ŉ entjie ver vanaf die optog, in die rigting wat ek gestap het.

In watter dorpsgebied? -- Zone 12 Extension in die rigting van Small Farms.

Zone 12 Extension, is dit nou die gebied wat teenaan Small Farms lê? -- Ja.

Dus, u was eintlik ŉ hele ent weg van die optog af toe u die rook daar sien? -- Ja. Eintlik was dit nie die enigste rook wat ek gesien het wat ek nou net beskryf het nie. ŉ Entjie ver terwyl ek so ŉ distansie was, het ek verskillende plekke opgemerk waar daar rook was.

Die/...

Die rook wat ons die eerste keer behandel het, wat ek die eerste keer na verwys het, weet u waar het gewoon Caeser Motjeane? -- Ja, ek weet, want hy was op 'n stadium my medewerker gewees.

Was die rook wat u en ek van gepraat het netnou daar waar hy gewoon het? -- Ja, in daardie rigting of omgewing.

Naby waar sy huis was? -- Ja.

Dit kon ook sy huis gewees het? -- Dit kan wees, maar soos ek vir die Hof sê, dit was net 'n rook wat ek opgemerk het wat ek nie geweet het wat die oorsaak daarvan was nie.

En die ander rook, waar het u dit opgemerk? -- Ek het 'n entjie beweeg deur Zone 12. Daar is 'n opening daar, 'n stuk oop veld tussen Zone 12 en Small Farms. Dié se oppervlakte in vergelyking met die oppervlakte van die gebiede daar lê hoog. Met die gevolg as ek op daardie hoë gedeelte van hierdie oppervlakte staan, kon ek meer plekke gewaar het waar daar rook was weens die feit dat ek nou hoog staan van die oppervlakte van die omgewing.

Ek wil net weet, ek weet nou waar u gestaan het, toe u die rook daar by Motjeane gesien het, toe was u nog nie op daardie hoë plek nie? -- Nee, dit is voor ek daar gekom het.

Toe u by hierdie hoë plek staan en u kyk rond, waar was die rook wat u gesien het? -- In Zone 12 Extension en die ander was in die nabyheid of by die winkelsentrum van Zone 12.

Êrens anders? -- In kort is dit omtrent al plekke waar ek rook gesien het op pad terug.

Het u later in die week miskien in die gebied rondbeweeg sodat u vir my kan sê waar daardie rook inderdaad vandaan

gekom/...

gekom het? -- Ja.

Waar het die rook vandaan gekom? -- Ek het later vasgestel dat hierdie rook wat ek gesien het in Gebied 12 was van die winkels se rook. Zone 12 Extension was dit 'n woonhuis van een van die raadslede. Buite die woonbuurt is daar Indiërs se winkels. Verder net oorkant is daar nog 'n winkel van 'n Indiër. In Gebied 7 was dit die Administrasieraad se kantore gewees.

Net 'n oomblik. Ek vra u op die oomblik net uit oor die rook wat u gesien het op die dag, die oggend toe u weggeloop het van die optog af, daardie plekke? -- Die rook wat ek gesien het na ek afgebreek het vanaf die optog, is Gebied 12 en Gebied 12 Extension, dit is die raadslid se huis en dan raadslid Motjeane.

MNR. JACOBS : Net dan om hierdie rook af te handel. Ek wil dit ook aan jou stel dat die oggend toe die opmars van die kerk af weggegaan het en beweeg het in die teerstraat dit is Selbournestraat, was daar al in Gebied 7 daar by die raadskantore, die Ontwikkelingsraadskantore in Gebied 7, in daardie hele omgewing moes jy ook rook gesien het? -- Ek sou rook daar gesien het, maar ek het nie rook daar gesien nie.

Ek wil dit ook aan jou stel dat daar waar die kollege is wat jy noem Venters Kollege, dit is die Teachers Training College, dat jy daar ook moes rook gesien het? -- Nee, ek het dit nie gesien nie. Dit is een plek, die kollege, wat ons almal van hou, selfs ek en die onderwysers. Na ek hierdie geraas gehoor het die nag, die volgende môre is ek soontoe om ondersoek te gaan instel wat daar plaasgevind het.

Kom ons net 'n bietjie duidelikheid kry op die geraas

wat/...

wat jy daar gehoor het. As ek jou getuienis reg verstaan het, was jy buitekant jou huis gewees toe jy die geraas gehoor het? -- Ja.

Wat was jy besig om buitekant te doen op daardie stadium toe jy die geraas gehoor het? -- Daar was mense gewees wat besig was om skade te doen aan eiendom. Dus het ek daar buite gestaan en wag gehou teenoor hierdie skadedoeners, dat hulle nie ook daar skade moet aanrig nie.

Waar het jy wag gehou? -- Ek het die hele perseel daar rondgestap in die nabyheid van die kerk, die saal, my woning, orals op die strukture wat op die erf van die kerk staan.

So, het jy gepatrolleer daarso? -- Ja.

Wat se geraas het jy gehoor? -- Die geluid van "Boem" is die geraas wat ek beskryf.

Waar was die geraas? -- In die rigting van Venters Kollege.

Ek aanvaar omdat jy daar wag gehou het en omdat jy angstig was om te sien wat gebeur. Het jy probeer kyk daar wat gaan aan by Venters Kollege, wat veroorsaak hierdie "Boem"? -- Ek het in daardie rigting gekyk en ek kon sien dit gebeur in daardie nabyheid van die kollege, maar ek kon net nie vasstel presies waar nie. Of dit nou gebeur by die kollege self of by die skool net langs die kollege in die omgewing.

Wat sien jy wat gebeur daar? -- Ek het na hierdie geluid vuur gesien en rook.

Hoekom het jy dit nie in jou getuienis-in-hoof vir die Hof vertel nie? -- Is ek ooit gevra wat ek gesien het?

Jy was gevra van wat by Venters gebeur het. Jy het gepraat van dat jy uit was uit jou huis daardie aand.

Hoekom/...

Hoekom het jy nie vir die Hof vertel nie? -- As ek nie ŉ fout begaan het nie, het ek hier vir die Hof gesê dat ek ŉ geluid of ŉ geraas daar gehoor het.

Dit is reg, jy het ŉ geluid, ŉ geraas gehoor. Dit het jy getuig, maar my vraag is, hoekom het jy nie vir die Hof gesê dat jy gesien het van die vuur wat daar brand na jy hierdie geluid gehoor het nie?

MR BIZOS : We have a question and answer. The question was if he knew when it was damaged. Whether it was damaged in the morning. Then Your Lordship asked the questions. I do not know if Your Lordship makes a note of Your Lordship's own questions.

COURT : I did not even make a note of your questions, Mr Bizos.

MR BIZOS : The witness was not asked. The questions both from me and Your Lordship were directed as to whether it was damaged on the morning of the 3rd or not and the time when it was damaged.

COURT : My questions were not directed towards that. My questions were directed towards a situation of the property he was talking about, CA6.

MR BIZOS : That is so, but he was never asked precisely what he saw, how he came to the conclusion.

COURT : We will have to look it up when the record comes.

MNR. JACOBS : Ek net netnou gesê ek wil na sekere aspekte met jou toe terugkom. Net voor ons afstand doen. Jy het geweet of het jy vir jou advokaat en regsverteenwoordiger ... (Mnr Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : He is not represented in this court.

MNR. JACOBS : Of die mense wat met jou gekonsulteer het,

regsverteenwoordigers wat met jou gekonsulteer het, gesê dat jy gesien het dat daardie plek in die rigting van Venters, hierdie Venters gebou, noem dit dan maar die kollege, brand in die nag? -- Hulle het my nie daaromtrent uitgevrae nie. Al wat hulle van my wou geweet het was wat het gebeur. Toe het ek aan hulle gesê daar was 'n geluid gewees daar.

My vraag is, het jy vir hulle gesê dat jy het gesien dat daar in die nag is 'n geluid en toe sien jy daar is vuur en dit brand daar in een of ander gebou? -- As ek net die geluid gehoor het sonder om enige vuur of rook te sien, dan sou ek nie geweet het waarvan hierdie geraas gekom het nie. Of dit nou van Venters se kollege af gekom het of vanaf ander plekke nie.

HOF : Die vraag is, het u vir die regsverteenwoordigers wat met u gekonsulteer het vertel dat u die vuur gesien het daardie dag? -- Ek kan nie onthou dat ek vir hulle gesê het nie.

MNR. JACOBS : Ek het gesê ek wil net terugkom na sekere aspekte en vir jou geleentheid gee om te verduidelik. ten aansien van die vergadering van 2 September 1984 by die kerk. die eerste aspek waaroor ek vir jou wil vra is, dat op daardie vergadering was 'n bewering aan die kant van die verdediging dat daar was ook twee vrouens teenwoordig. Jy het netnou vir die Hof gesê daar was geen vrouens nie. Net om vir jou kans te gee om 'n verduideliking te gee. Toe ek hulle daar verlaat het, dit is terwyl ek nou kerk toe gaan, was dit net manspersone gewees wat daar teenwoordig was.

En die bewering was gewees dit was twee vrouens wat gedink het dat daardie spesifieke vergadering van 2 September 1984 sou 'n massavergadering gewees het en toe is dit aan hulle verduidelik daar is nie 'n massavergadering nie en

toe/...

toe was hulle saam met jou genooi om die vergadering by te woon?

MR BIZOS : The evidence was that at least these two women turned up. There is no evidence as to when and there is certainly no evidence that this witness was present when that happened. That he invited the women to stay there or in his presence.

COURT : What is put now what I cannot recollect is that he and the women were invited to stay. Is dit wat u stel, mnr. Jacobs? (10)

MNR. JACOBS : Ja.

HOF : Waar kom dit uit die rekord uit?

MNR. JACOBS : Volume 171 8 792.

MR BIZOS : I recall that as to what the evidence is ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wat is die getuienis? Mr Bizos, when you object, let us first get the evidence straight.

MNR. JACOBS : Dit is op bladsy 8 792, die tweede paragraaf van bo af. "Were there any people there who were not from any zone or not representative from any zone?" "The care- (20) taker of the church, Mr Pitso Ratibisi and again another two ladies also came there from zone 12. They came under the impression that this was a mass meeting which was being held. Yes, we allowed then to stay.

HOF : Maar hierdie is ŉ kwessie van betoog. U kan dit aan die einde van die saak argumenteer. Hierdie getuie sê die dames was nie daar nie. Hy het dit nou klaar gesê. U kan daaroor betoog later.

MNR. JACOBS : Esau Raditsela was die bewering gewees van die verdediging dat hy ŉ hakkelaar is en daarom was hy nie (30)

voorsitter/...

voorsitter van daardie vergadering nie. Het u enige kommentaar daarop te lewer? --

HOF : Wat is die bewysplek?

MNR. JACOBS : Dit is Volume 171, B 792. -- Van watter vergadering praat u nou?

Daardie vergadering van 2 September 1984 in die kerksaal van die Roomse Kerk waar jy vir hulle toestemming gegee het om te gebruik? -- My antwoord daarop is dat terwyl ek daar was, het ek opgemerk dat hy daar opgetree het as 'n leier van die vergadering. Of hulle nou later besluit het dat hy nie 'n leier gaan word van die vergadering na hy weg was nie, kan ek nie sê nie.

En dat mnr. Sotsu, die persoon wat jy gesê het jy nie ken nie, in werklikheid die voorsitter op die vergadering was? -- Ek weet nie daarvan nie.

Dan wil ek net in die algemeen aan jou stel oor die vergadering van 26 Augustus 1984. Dit is dat jy was vir sulke kort rukkies daar dat indien jy op die vergadering was jy nie eintlik weet wat op daardie vergadering werklik gebeur en gesê was nie? -- Ja, maar ek is in staat om aan u te vertel van dit wat ek onthou wat gesê was terwyl ek teenwoordig is by die vergadering.

Dan stel ek dit verder aan jou dat jy is hoegenaamd nie in staat om vir die Hof te kan sê of daar op daardie vergadering wel uitlokking en aanstigting tot geweld was nie? -- Dit het ek nie gehoor nie.

En dan ook op die 3de se gebeure dat jy nie vir die Hof kan sê, òf jy het dit vergeet òf jy het dit nie gehoor nie, wat Esau presies daar gesê het in die kerk en buite die kerk direk voor die opmars begin het nie? -- Ek sê ek

het/...

hom goed gehoor, want ek was daar in die saal gewees.

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : When you left the march, did you go home directly? -- No, I went to some place in Zone 12 Extension. Not direct to home.

When you saw the smoke that you described to his Lordship other than the one from the vicinity of Motjeane's house, where were you when you saw it? -- I was just outside Zone 12 Extension at a higher level surface of ground there between Small Farms and Zone 12.

Was this before your visit to your friends or after the visit to your friends? -- After I had been to the visits.

If you can, can you tell His Lordship what the time was when you saw this smoke when you were on the high ground? -- I am not quite certain, but I estimate the time to have been between 11h00 and 11h30.

COURT : How much time had passed since you left the march up to this time you give now? -- I estimate it to have been from 09h00/09h30 to about 11h00/11h30. That was the lapse of time inbetween.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : That is about two hours? -- Yes.

COURT : So, you, as you call it, broke off from the march at between 09h00 and 09h30? -- No, I estimate the time to have been about 10h00/10h30 when I broke off from the march.

HER-KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Toe die vriende van jou wat jy gaan besoek het - waar presies was hulle? -- Ek het aangedoen by vriende van my in Zone 12 Extension. Hulle was nie tuis nie.

Met ander woorde, jy het nie eintlik vertoef by die vriende nie? -- Nee, ek onthou dat ek daar vir ŉ rukkie vertoef, want ek was moeg. Dus het ek ingegaan en so ŉ rukkie

daar/...

daar vertoef.

Voor jy die opmars verlaat het of toe die mense daar voor was op daardie stadium, het jy die rook gesien?

HOF : Is dit iets wat voortvloei uit wat die Hof gevra het?

MNR. JACOBS : Dit is in die hele konteks.

HOF : U het u geleentheid gehad.

MNR. JACOBS : Dankie.

COURT : Any questions from those put by the Court?

MR BIZOS : No, thank you, My Lord.

NO FURTHER QUESTIONS.

MR BIZOS : My Lord, as we are not sitting on Tuesday, we will not have an opportunity to ask Your Lordship to excuse accused no. 1, Mr Baleka, to write a further examination on Wednesday.

COURT : Yes, well, you can ask me that on Monday.

MR BIZOS : He would not be here, because Your Lordship ... (Court intervenes)

COURT : Very well, he is granted leave of absence on Monday and on Wednesday.

COURT ADJOURNS UNTIL 2 NOVEMBER 1987.

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

## *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-24-307**
*Document Title:-* **Vol 307 p 17606-17645. Witness: Ratibisi**